# 'n Christelike Afrikafilosofie
## – 'n drievoudige uitdaging[1]

Bennie van der Walt
Instituut vir Reformatoriese Studies
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM
E-pos: irsnk@puknet puk ac za

**Abstract**

**A Christian philosophy for Africa – a threefold challenge**

*This essay provides an overview of the present state of philosophy in Africa in the following three main sections: African philosophy, Christian philosophy and an African Christian philosophy.*

*In the first part the distinction and mutual relationships between four types of African philosophies are explained: ethno, political, professional and sage philosophy. It is followed by some critical remarks about Western philosophy as the criterion for what real philosophy should be.*

*The second main part draws attention to the fact that in only two of the approximately thirty Departments of Philosophy on the continent this subject is taught from a definite Christian perspective. Unfortunately this Christian philosophy is still predominantly Western and can therefore not qualify as an **African** Christian philosophy.*

*The need, value and challenge of a genuine African Christian philosophy are discussed in the third section. It is indicated that Christianity in Africa is ready for a Christian philosophical approach, because it is becoming aware of the need for a Christian worldview – the foundation for any philosophy. The essay is concluded by a few practical suggestions indicating how the development of a liberating African Christian philosophy could be encouraged and assisted by different Western countries.*

Eenvoudig gestel, is Filosofie die wetenskaplike nadenke oor 'n mens se voorwetenskaplike lewensvisie. Iemand se lewensvisie ('n soort "filter") bepaal dus

1 Gewysigde teks van 'n artikel wat in Nederlands in die blad *Beweging*, 61(4):124-127, Desember 1997 verskyn het.

hoe jou filosofie daar sal uitsien. Dit het ook 'n beslissende invloed op iemand se teologiese denke.

Wat gewoonlik as "Afrika*filosofie*" aangedui word, is meestal nog nie dieselfde as die Westerse vak Filosofie nie. Dit lê meer op die lewensbeskoulike vlak. Daarom is kennis van en besinning oor "Afrika*filosofie*" ('n beter term sou dalk "Afrika*denke*" gewees het) van baie groot belang – ook vir Christene in Afrika wat in hulle teologiese arbeid erns met die Afrikakonteks wil maak.

Hierdie bydrae gaan nie oor die *inhoud* van verskillende Afrikafilosofieë nie, maar bied bloot 'n oorsig oor die *huidige strominge*. Dit word gedoen deur agtereenvolgens aandag te gee aan: (1) Afrikafilosofie, (2) Christelike filosofie en (3) Christelike Afrikafilosofie.

## 1. 'n Afrikafilosofie – die eerste uitdaging

Die afgelope vier dekades en langer het Afrikadenkers 'n groot deel van hulle tyd bestee – volgens baie *verspil* – om vas te stel of daar so iets soos 'n Afrikafilosofie bestaan. En, indien dit wel bestaan, wat is die vereistes waaraan dit behoort te beantwoord? Tans sou daar tussen ten minste vier soorte Afrikafilosofieë onderskei kon word: etnofilosofie ('n beskrywing van die godsdienste, lewensvisies en kulture van Afrika), politieke filosofie of bevrydingsfilosofie (die ideologiese samelewingsvisies van belangrike Afrikaleiers), professionele filosofie (wat beantwoord aan die Westerse, wetenskaplike standaarde vir filosofie) en "sage"-filosofie ('n weergawe van die wyshede van tradisionele Afrikadenkers).

Enkele verteenwoordigers van die vier groepe is:

- Etnofilosofie: Placide Tempels, John Mbiti, Leopold Senghor en Alexis Kagame.
- Politieke filosofie/bevrydingsfilosofie: Bekende Afrikaleiers soos Julius K. Nyerere, Kenneth D. Kaunda, Kwame Nkrumah en Daniel T. arap Moi.
- Professionele filosofie: Kwasi Wiredu, Kwame A. Appiah en Paulin J. Hountondji.
- "Sage"-filosofie: Die person wat hierdie benaming ingevoer het en die belangrikste navorsing op die gebied gedoen het, is die Keniaan, Henry Odera Oruka – ander name wat daarmee geassosieer word, is Griaule, Hallen en Sodipo.

Vir die doel van hierdie artikel laat ek een kategorie (politieke bevrydingsfilosofieë) daar en konsentreer alleen op die oorblywende drie kategorieë. Ek

toon aan wat die hoofkritiek is wat die etnofilosofie en professionele filosofie op mekaar het en hoe die "sage"-filosofie 'n middeweg in die debat probeer soek.

Die professionele Afrikafilosowe is baie gesteld op Westerse erkenning. Hulle ondersoek Afrikaprobleme dus vanuit 'n Westerse perspektief en volgens Westerse metodologie. Of – nog die heel maklikste – hulle doseer gewoon Westerse filosofie aan die universiteite van Afrika. Hulle maak dus aanspraak op wetenskaplikheid volgens Westerse standaarde.

Hulle kritiek op die (vroeëre) etnofilosofie is dus begryplik. Omdat dit 'n etnosentriese uitgangspunt huldig, kan dit (volgens professionele Afrikafilosowe) nie as (wetenskaplike) filosofie deurgaan nie, want:

- dit veronderstel dat alle lede van 'n stam of volk – selfs die hele Afrika – dieselfde gedagtes oor die wêreld en die lewe gekoester het;
- daar was nie (soos in die Weste) individuele denkers nie;
- die rasioneel-krities-reflektiewe element (tipies van die Westerse denke) ontbreek in die Afrikadenke;
- die "filosofie" berus op mondelinge tradisie (is dus nie op skrif gestel soos in die geval van die Weste nie) en
- dit is iets van die verlede en is nie meer tiperend van kontemporêre Afrika nie.

Eenvoudig saamgevat, sou 'n mens kon sê dat die professionele Afrikafilosowe die Filosofie (as wetenskaplike dissipline) red, maar die Afrikakarakter daarvan verloor.

Die kritiek van die etnofilosowe op die professionele Afrikafilosowe is dan ook dat hulle hul deur die Weste laat voorskryf wat Afrikafilosofie moet wees (individualisties, krities, skriftelik ens.) en dat hulle eie filosofieë ook te sterk Westers beïnvloed is. Wat is die betekenis daarvan vir die Afrikakontinent met sy eie, unieke probleme? Saamgevat sou ons kon sê dat die etnofilosowe die omgekeerde as die professionele filosowe bereik: hulle red die Afrikakarakter, maar verloor die (Westers) wetenskaplike karakter daarvan.

Odera Oruka en andere probeer met hulle "sage philosophy" 'n middeweg volg wat nóg die wetenskaplike nóg die Afrikakarakter van Afrikafilosofie hoef prys te gee. Oruka toon met sy navorsing aan dat daar individuele Afrikane bestaan (waarvan die meeste geen Westerse onderwys gehad het nie en dus nie kan skryf of lees nie) wat as kritiese, onafhanklike en oorspronklike denkers beskou kan word. Sodoende red hy sowel die begrippe "filosofie" as "Afrika" en bewys dat 'n "Afrikafilosofie" 'n werklikheid is! (Eintlik onderskei Oruka tussen twee

soorte Afrikadenkers: "Folk sages", wat die lewensvisie van hulle groep goed ken, kan weergee en verdedig, en "philosophic sages" wat hulle eie groep se lewensvisie nie net ken nie, maar ook 'n eie, kritiese standpunt daaroor huldig. In die terminologie van die Reformatoriese denke sou ons kon sê dat die eerste groep voluit die lewensbeskoulike denke verteenwoordig, terwyl die tweede groep al op die grens van lewensbeskouing en filosofie beweeg.)

Die hele debat oor die bestaansreg van 'n Afrikafilosofie die afgelope byna 50 jaar is sterk beïnvloed deur wat die Weste as filosofie beskou het en die swak beeld wat die Weste van die Afrikaan gehad het. Aan die begin van hierdie eeu het heelwat Westerlinge nog geglo dat Afrikane nie werklik (volledige) mense is nie. Later is wel toegegee dat hulle lede van *homo sapiens* is, maar omdat emosies by hulle sou oorheers, kan hulle nie (soos die Weste) dink en filosofie voortbring nie.

Hierteenoor reageer eers die etnofilosowe deur aan te toon dat Afrikane wel 'n eie filosofie (lewensvisie) het. Verder bevestig die verskillende bevrydingsfilosofieë van politieke leiers van Afrika, asook die professionele filosowe (meestal in die Weste opgelei) dat Afrikane ook (soos die Weste) kan dink. Navorsers in "sage"-filosofie toon verder aan dat selfs nieverwesterse individue uit tradisionele Afrika tot kritiese en oorspronklike denke in staat is. Hulle mondelinge filosofie is nie minder werd as (die Westerse) geskrewe filosofie nie, maar is selfs direkter, kragtiger en meer gekontekstualiseerd.

'n Mens is geneig om jouself af te vra of die uitgerekte stryd werklik nodig was. As van die begin af deur die Weste aanvaar is dat Afrikane ook mense is wat kan dink, krities kan dink en ook as individue krities kan dink, was die hele debat oor die bestaansreg van 'n Afrikafilosofie nie nodig nie. Dan was dit nie nodig vir Afrikane om vir byna 'n halwe eeu te veg teen Westerse Eurosentrisme, wat die kriteria vir wat filosofie behoort te wees, neergelê het nie.

Westerse, intellektuele imperialisme en kolonialisme het Afrika nie net ontsettend skade aangedoen nie. Die vraag moet verder ook gestel word of die Westerse idee van wetenskap in die algemeen en filosofie in besonder die enigste maatstaf vir die hele wêreld moet wees. Ek noem slegs drie voorbeelde ter illustrasie:

- Moet filosofie altyd deur individue beoefen word, moet dit altyd krities wees en noodwendig in boeke of artikels neergeskryf word?
- Is dit korrek dat baie Westerse filosowe die filosofie tot byvoorbeeld logika, kenteorie of taalanalise vereng? Wat van ontologie, antropologie, etiek, samelewingsfilosofie, godsdiens-, taal-, kuns-, geskiedenisfilosofie en nog baie meer? Oruka se "sage"-filosofie is byvoorbeeld duidelik 'n protes teen die Westerse verenging van die veld van die Filosofie en 'n pleit daarvoor dat

Filosofie hom weer werklik met die groot lewensvraagstukke sal besig hou en (soos die oorspronklike woord aandui) wysheid sal bevorder.

- Die sekulêre Weste het ook die band tussen die wetenskap Filosofie en belangrike voorwetenskaplike sake soos religie, lewensvisie en kultuur deurgesny. Hoewel die verskillende Afrikafilosowe nie altyd so duidelik tussen (wetenskaplike) filosofie en (voorwetenskaplike) godsdiens en lewensvisie onderskei nie, besef hulle nog dat filosofie nie in die lug groei nie, maar in hierdie dinge gewortel is en daardeur gevoed word.

In 'n beeld gestel: 'n Boom het grond nodig om in te kan groei (die Westerse of Afrikamilieu); dit het wortels ('n bepaalde religie) en 'n stam ('n spesifieke lewensvisie) nodig voordat dit verskillende takke kan voortbring (die verskillende onderafdelings van die Filosofie). Die wetenskaplike Filosofie is nie bloot 'n *beskrywing* van die voorwetenskaplike kultuurmilieu, godsdiens en lewensvisie nie (die kritiek teen etnofilosofie), maar die Filosofie kan ook nie daarsonder nie. Dit "stoel" of "groei" daarop. Dit bly ook daarvan afhanklik. (Indien die Reformatoriese filosofie byvoorbeeld die voedingsbodem van 'n Reformatoriese geloof en lewensvisie sou verloor, sou dit sterf.)

Ek sien dus nie (soos die meeste Afrikafilosowe) noodwendig 'n spanning tussen die vier tipes Afrikafilosofieë hierbo genoem nie. Die professionele filosofie kan byvoorbeeld gerus krities van die resultate van die etnofilosofie, wysheidsfilosofie en politieke filosofieë gebruik maak. Die probleem van die professionele filosofie sou dan in 'n groot mate bekamp kon word, naamlik sy Afrikavreemde, Westerse karakter.

## 2. 'n Christelike filosofie – die tweede uitdaging

Indien ons 'n Afrikafilosofie het, beteken dit nog nie 'n Christelike filosofie nie. Die religieuse wortel van etnofilosofie, wysheidsfilosofie en (in 'n mate ook) politieke filosofieë, is die tradisionele Afrikagodsdienste. En in die professionele Afrikafilosofieë word die sekulêre Westerse geloof as uitgangspunt geneem.

Daar is baie Christene in Afrika – dit word as dié Christelike kontinent van die toekoms beskryf. Daar mag baie filosowe wees wat ook Christene is, maar Christenfilosowe is uiters skaars. Omdat die meeste Afrikane die Westers-dualistiese Christendom aanvaar het, kan hulle nie die noodsaaklikheid en moontlikheid van iets soos 'n Christelike filosofie insien nie. Vir hulle is filosofie van nature iets sekulêrs. Die Christelike geloof is iets vir die persoonlike lewe, die kerk en die teoloë alleen.

Die enigste uitsonderings op die kontinent se ongeveer 30 Filosofiedepartemente is die twee Filosofiedepartemente aan die Potchefstroomse Universiteit vir

Christelike Hoër Onderwys en die Universiteit van die Vrystaat in Bloemfontein. Die dosente aan hierdie twee departemente probeer doelbewus 'n Christelik-Reformatoriese filosofie beoefen.

Ook hier het ons egter 'n probleem. Die dosente van hierdie twee departemente is almal blanke Westerlinge en tot onlangs nog (as gevolg van die apartheidsbeleid) was feitlik al hulle studente ook blankes. Die gevolg is dat dit 'n *Westerse*, Christelike filosofie is wat hier beoefen word, dit is nie gerig op die Afrika-konteks en sy spesifieke vraagstukke nie. In ons beeld gestel: die Christelik-religieuse wortel van die filosofiese boom word uit Westerse grond gevoed. Die vraag is dus hoe relevant hierdie Christelike filosofie in die Afrikakonteks is.

Indien ons die betoog tot sover saamvat, is die resultaat die volgende:

- in die res van Afrika bestaan die moontlikheid van 'n eie, inheemse Afrika-filosofie – maar dit is nie Christelik nie.
- In Suid-Afrika bestaan 'n Christelike filosofie – maar dit is nie 'n tipiese Afrikafilosofie nie.
- Die eintlike, derde uitdaging waarvoor ons staan, is 'n Christelike Afrika-filosofie – vir die *hele* kontinent.

## 3. 'n Christelike Afrikafilosofie – die finale uitdaging

In die reeds bekende metafoor gestel, sal hierdie filosofie so lyk: in die Afrika-bodem gegrond (sensitief vir die kulture en probleme van die kontinent), met Christelik-religieuse wortels, die stewige stam van 'n radikale en integrale Christelike lewensvisie, met as resultaat die verskillende takke van 'n Christelike Afrikafilosofie.

Omdat dit voorlopig nog steeds 'n droom is, mag ons seker vra hoe ver ons al op die pad gevorder is, hoe lank ons nog sal moet wag om die ideaal verwesenlik te sien of wat ons kan doen om dit gouer te laat realiseer.

- In die eerste plek moet ons in gedagte hou dat so 'n filosofie – net soos 'n boom – tyd nodig het om te groei. Dit val nie op 'n goeie dag uit die lug nie.
- In die tweede plek is die potensiaal reeds daar. Die religieuse wortel is teenwoordig: 'n steeds groeiende Christendom. Verder is daar ook tekens – al is dit gering – dat Afrikachristene begin besef dat die Christelike geloof nie in individuele harte, kerke en teologieë opgesluit mag word nie. Hulle begin vra na 'n breër lewensvisie wat die evangelie vir die hele lewe relevant maak. Veral aan 'n Christelike mensbeskouing en 'n Christelike samelewingsvisie is daar 'n dringende behoefte.

- In die derde plek moet onthou word dat mense buite Afrika nie die Christelike Afrikafilosofie kan voortbring nie. Ek huldig nie die standpunt dat net 'n swart Afrikaan, op die kontinent gebore, 'n Afrikafilosoof kan wees nie. Ek glo dat ook iemand van buite Afrika wat die Afrikakultuur, godsdiens, lewensvisie en omstandighede van naby ken en simpatiek en sensitief daaroor besin, as 'n Afrikafilosoof beskou kan word. Sulke persone sal egter die uitsonderings wees. Om "van buite af" 'n Christelike Afrikafilosofie vir Afrika te produseer, sou nie alleen paternalisties wees nie, maar heeltemal onmoontlik.

Ek het self – as blanke Afrikaan met al die beperkinge daaraan verbonde – probeer aantoon hoe belangrik 'n Christelike lewensvisie vir Afrika is (vgl. *The liberating message; a Christian worldview for Africa*, 1994, herdrukke in 1996 en 1997). Onlangs het ek vanuit 'n Afrikaperspektief die Westerse wyse van dink en wetenskapsbeoefening krities onder die loep geneem (vgl. *Afrocentric or Eurocentric?* en *Afrosentries of Eurosentries?* van 1997).

Die motivering grondliggend aan hierdie bydraes is die volgende:

- Christelike filosofie beteken nie per definisie (net) Westerse filosofie nie. Sonder om in etnosentrisme te verval, glo ek aan die bestaansreg en noodsaaklikheid van 'n Christelike filosofie met 'n tipiese Afrikakarakter.
- Ek sien 'n eventuele Christelike Afrikafilosofie as 'n filosofie wat by uitstek bevrydend is. Aan die een kant glo ek dat 'n Christelike filosofie vanuit Afrikabodem 'n belangrike bydrae kan lewer om ons kontinent van *eksterne* Westerse oorheersing (kyk hierbo) te bevry. Aan die ander kant kan so 'n Christelike Afrikafilosofie 'n onskatbare bydrae lewer om oor die talle unieke *interne* vraagstuke van Afrika te besin en bevrydende perspektiewe as moontlike oplossings aan te bied.

By die uitbou van so 'n Christelike Afrikafilosofie hoef ons nie *de novo* te begin nie. Ons sou, hoewel krities, baie vrugbaar gebruik kon maak van die resultate van die vier kategorieë Afrikafilosofie wat in die eerste gedeelte van hierdie artikel bespreek is.

Terselfdertyd kan en behoort Afrika hierdie geweldige uitdaging nie alleen te probeer aanpak nie. 'n Bietjie kunsmis om die groei van die boom te stimuleer, sal nie verkeerd wees nie. Soos wat die Reformatoriese filosofie vanaf die dertigerjare vanuit Nederland groeipunte in lande soos Suid-Afrika, die VSA, Kanada en Korea laat ontwikkel het, het dit ook 'n roeping teenoor Afrika.

Hoe dit gedoen kan word, het ek reeds by vorige geleenthede genoem (onder andere by die Dooyeweerd-herdenking van 1994 in Nederland). Eenvoudige dinge soos die volgende kan belangrike bydraes wees:

- Die voorsiening van literatuur (in Engels en Frans) oor die Reformatoriese lewensvisie, filosofie en die toepassing daarvan op verskillende vakgebiede en lewensterreine. (Christelike filosowe in Suid-Afrika en Nederland is te geneig om net in hul eie taal te publiseer.)
- Die beskikbaarstelling van Reformatoriese filosowe uit Nederland, Kanada, die VSA en Suid-Afrika om gaslesings, kursusse en konferensies elders in Afrika aan te bied.
- Beurse vir opleiding in die Reformatoriese filosofie aan belowende jong Afrikane in Nederland, Kanada en Suid-Afrika.
- Hulp aan die enkele Christelike instellings in Afrika om Christelike Filosofie-departemente tot stand te bring, sodat Christelike Afrikafilosowe uiteindelik op die Afrikabodem self opgelei kan word. (Drie belangrike instellings in dié verband is Daystar University in Nairobi, Kenia; Hilltop University in Mkar, Nigerië en Christian College of Southern Africa in Harare, Zimbabwe.)

As ons Christelike filosofie werklik vir ons iets beteken het (vir my persoonlik was dit geweldig bevrydend), sal ons dit sekerlik ook graag met ander wil deel. Nog sterker gestel: omdat dit die naam van Christus dra, is ons verplig om Christelike filosofie nie in Nederland en in die Nederlandse taal of in Suid-Afrika in Afrikaans "op te sluit" nie, maar wêreldwyd van diens te laat wees. Ook op die "verlore" kontinent – Afrika.